

Maandag 14 November

Skrifgedeelte: Nehemia 4

Fokusgedeelte: Nehemia 4:6 (1933/53- en 1983-vertaling)

Sit jou hart in jou werk

Een van die faktore wat ons baie keer daarvan weerhou om met oorgawe vir die Here te werk, is die terugslae wat ons van tyd tot tyd ervaar. Ons begin met entoesiasme werk, maar met die eerste terugslag verloor ons sommer belangstelling.

Nehemia se pogings om die mure van Jerusalem te herbou, was nie sonder enige probleme nie. Met die aanvang van die bouwerk gaan dit klopdisseelboom. Dan ervaar Nehemia egter wat baie van ons ook al ervaar het, naamlik teenkanting. Wanneer kerkmense probeer om iets tot uitbreiding van God se koninkryk te doen, kry hulle baie keer met teenkanting te doen. Soos in die geval van Nehemia, kan dit in die vorm van woede, sarkasme, dreigemente, ontmoediging, bangmaakstories of bloot net negatiwiteit gebeur.

Gelowiges moet egter nie moed opgee nie, want Jesus Christus het nie met ons moed opgegee nie. Hulle behoort daarop te reageer deur tot die Here te bid, hulle harte in hulle werk te sit, waaksaam te wees en gefokus te bly. Om jou werk vir die Here van harte te doen, beteken dat jy nie n et met jou hande besig is nie, maar ook van binne uit – ten volle oortuig en met die regte gesindheid – besig is.

Ons kan nie bekostig dat ons aandag deur valse leraars afgelei word en ons s o ons hoofdoel vergeet nie. Ons moet met die werk van die Here besig bly, om die evangelie van God se liefde en sy verlossing uit te leef en te verkondig.

Sing: Psalm 4:4 (1936)

Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)